

Personeelkamer Opening

67. Die God wat voorsien

"Mamma jammer ek bel so laat maar ek't mamma se hulp nodig, ek het tekkies nodig vir môre aand se sokkie-dans, maar as mamma nie kan nie sal ek verstaan!"

Spanningseine skiet deur haar liggaam en kom tot stilstand in haar mamma hart. Haar kind mag nie weet wat by die huis aangaan nie want hy moet sy skool en koshuis dae sorgeloos en kommervry deurbring. Sy antwoord so kalm as moontlik. "Mamma sal plan maak my liefkind!"

Laatnag worstel die mamma steeds met GOD..... HERE.. hoe? HERE... waar?

HERE hoe kan ek my kind teleurstel? Hy vra nooit niks en is altyd tevrede en verstaan wanneer daar 'n antwoord van nee is!

Terwyl sy Bid val haar oë op haar beursie met die woorde "Be still and know that I am God!"

"Gebruik MY beursie!" HERE nee! Ek kan nie!

Vir omtrent twee weke loop ek met U geld en bly bid dat U vir my die persoon sal stuur wat daardie R380 nodig het!

Mamma het 'n plek in haar beursie wat sy geld salf en aan God wei vir SY Koningkryk. Sy lewer net die geld af vir God waar nodig, en nog nie een keer het sy aan daardie geld geraak nie, al was daar aande wat sy nie geweet het waar kom die volgende bord kos vandaan nie, want daar buite is iemand anders wat daardie geld meer nodig het!

"Maar jý is NOU daardie iemand anders!" hoor sy God se antwoord in die stilte van die nag!

Die volgende oggend gaan sy baie half-hartig winkel toe, met 'n tweestryd in haar hart wonder sy steeds... Sê nou maar ek't verkeerd gehoor en gebruik God se geld terwyl dit vir "iemand anders is?"

HERE asseblief bid sy, laat ek die regte ding doen! HERE U weet ook dat my kind 'n groot nommer skoene dra. Help my om vir hom dan tekkies te kry wat nie duur is en in sy nommer is.

Eerste winkel geen sukses, die tweede winkel, perfekte tekkies! Perfekte prys!

Sy loop verby die kouse, "Neem 'n stel van drie antwoord JESUS!" Sy stop onseker en dink, miskien kan sy maar 'n stel kouse ook koop. Die tekkies is helfte van R380 en daar sal ook nog geld in God se beursie oorbly!

"Mamma baie dankie vir my tekkies, dis perfek en pas 100% by my klere, en dankie ook vir my kouse! Eintlik het ek kouse ook nodig gehad! Dankie weereens mamma! Lief mamma!"

Mamma het God net geloof en geprys vir SY getrouheid, want net so terloops tussen my en jou, dit het werklik gebeur!

Toepassing:

Kom ons BESEF weer vandag dat God ons Boas is. HY sorg vir ons nog voordat ons gevra het!

Ons dien 'n God van Wonders. 'n God van Liefde. 'n God van Orde. Genade onbeskryflik Groot en soveel meer!

Ja, ons dien 'n God wat intens betrokke is in ons lewens. 'n God van detail en God gaan nie vir jou 'n pers nommer 9 skoene gee as jy 'n swart nommer 11 skoene nodig het nie!

God gaan ook vir jou 'n paar kouse gee al het jy nie die vrymoedigheid gehad om daarvoor ook nog te vra nie!

Vra vir God, HY wil vir jou voorsien.

Jes 42:21 "Die HERE vind VREUGDE daarin om Getrou te wees! HY laat SY Woord Roem en Eer ontvang!"

Geskryf deur Petro Webster van Geopende deure se Bidkamer